DIE GEREFORMEERDE
Vroueblad
MAART 2019

Drie vroue in ‘n besondere verbintenis: SARA REBEKKA RAGEL

Geseënde vroue

Die groot K... Kruis my pad!

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R 20-00
GROEPE (POS): R R29-19
INDIVIDU (POS): R31-37
ELEKTRONIES: R10-46

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud

Maart 2019



GEREELD

3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat
5 Sodat my huis kan vol word: Evangelisasie sonder woorde

IN-DIEPTE

6 Sara en haar tye van ongeloof
8 Lewenslustige Rebekka…
10 Beeldskone Ragel

LEEFDINGE

12 Feilbare foutmaak-vroue
14 Teks & Vers: Vrou wie is jy?
16 Boekeblad: God het jou gekies deur Ben de Klerk
17 Boekeblad: Gesonde gesins-verhouding in 'n virtuele wêreld deur Johan Smit
18 Dankie Dr. Trudie
20 Geseënde vroue
22 Die groot K... Kruis my pad

26 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by Die GK Koster
28 Resepteblad: Lewerkoekies
29 Lees in April 2019
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Geure in die Bybel (1)
32 Kaleidoskoop Maart 2019

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander publikasies van die GKSA:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskoolkinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad – Grietjie gee elke dag 'n bemoedigende gedagte vir die dag. Vertel vir ons hoe jy die geskiedenis van hierdie drie vrouens beleef.

JAARGANG 73 NOMMER 9

Sara, Rebekka en Ragel

— — — — — — — brief van die redakteur — — — — — — —

"Toe sy buk en hom laat drink,
het hy geweet – terwyl ook sy kamele kniel –
die engel was werklik voor hom uit.
En Isak het haar in sy tent geneem,
die vreeslose klein reisiger, en liefgehad"

(Strofe 2: Aangehaal uit Lina Spies se gedig *Fontein;* soos opgeneem in die bundel *Die Braambos Brand. 'n Keur van Godsdienstige gedigte* saamgestel deur CJM Nienaber en M Nienaber-Luitingh; Tafelberg: 1987)

Liewe gelowige vroue,

In Februarie-maand het ons julle 'n 2019-Bybelvrouetoer belowe en ons kom ons belofte na.

Hierdie maand lê ons besoek af by ouma Sara, skoondogter Rebekka en kleindogter, Ragel. Dié benoemings kry ons nou nie so in die Bybel nie, maar ek gebruik dit maar net om aan te dui dat hulle die eerste drie geslagte vrouens in die verbondslyn is. Almal name wat bekende Bybelverhale by ons oproep – ons is hierdie geskiedenis immers van kindsbeen af geleer.

Kyk 'n mens na hierdie drie vrouens se lewens, sien jy baie interessante ooreenkomste: Sara wat haar kinderloosheid probeer ondervang deur haar slavin Hagar, net so ook Ragel met haar slavin Bilha. By beide Rebekka en Ragel speel 'n waterput 'n rol tydens hulle eerste ontmoetings met hulle onderskeie eggenote, Isak en Jakob. Al drie vrouens het geworstel met kinderloosheid. Lees maar self weer Genesis 12-35 met aandag deur om so die pad te volg wat hierdie drie vrouens geloop het.

Ja, en alhoewel die kultuur van die Bybelse tyd en ons tyd hemelsbreed verskil sien ons die ooreenkomste tussen ons en hulle: vroue wat hard kon werk, wat dapper veranderings en verhuisings in hulle lewens aangedurf het, wat vreugde beleef het, liefde gevind het, wat hartseer beleef het. Vrouens wat goeie en mooi dinge gedoen het... maar ook gesondig het deur afguns, bedrog, jaloesie, kindervoortrekkery. Vrouens wat ook deur tye van ongeloof en twyfel gegaan het.

En tog, gelowige vroue wat deur die Here in sy genade gebruik is in sy groot verlossingsplan.

Ons skrywers wat hulle hierdie maand bereid verklaar het om hierdie tema aan te durf, het entoesiasties ingeklim en ek hoop elke leser geniet die perspektiewe wat hieruit voortgevloei het.

Verlede maand het ons per abuis die outeur van ons Gemeentekuier-artikel (Februarie 2019, p. 24-25) nog aangedui as Philia Jansen – terwyl dit Dalize Pelser van Die Gereformeerde Kerk Betlehem moes gewees het. Jammer, Philia en Dalize – ons het op die vorige maand se templaat gewerk –waarvan die skrywer toe inderdaad Philia Jansen van Die Gereformeerde Kerk Secunda was. Somtyds wen die letters steeds die oë en die brein.

'n Geseënde Maartmaand toegebid.

Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

Tog was Sarai 'n pionier. Saam met Abram en sy vader Tera trek sy uit Ur tot by Haran en na Tera se dood, op God se bevel, versit hulle telkens tente tot in die Suidland van Kanaän. 'n Nomadiese lewe vol gevare en ontbering.

Toe daar hongersnood kom, trek hulle na Egipte. Vir die eerste keer bespeur ons by Abram ongeloof. Die jong Abram sit nie sy vertroue op God om hom veilig te hou in Egipte nie, maar maak sy eie planne. Sy pragtige jong vrou spel gevaar. Abram bedink 'n halwe waarheid. Hy stel haar bekend as sy suster. Alhoewel sy werklik sy halfsuster was, verswyg hy dit dat sy sy vrou is. Deur hom te laat begaan, kry sy deel aan sy ongeloofsdaad – met wrange gevolge. Sy beland in 'n benarde posisie toe die koning haar as sy vrou kies. In sy genade red God haar daaruit. Druipstert word hulle in onguns weggestuur.

O, God my hart is verskrik. Hoeveel keer het ek 'n wag voor my mond gesit uit lojaliteit teenoor 'n geliefde of vriend wat 'n verkeerde pad stap en so ongehoorsaam gewees aan U?

Terug in Kanaän, kort na Abram en Lot se paaie geskei het, belowe God aan Abram dat hy hom 'n groot nageslag sal gee – soos die sterre aan die hemelruim. 'n Nageslag wat uit sy eie lendene sou voortkom.

Dit was 'n wonderlike groot oomblik. Hoe diep moes dit Sarai geraak het toe hy dit met haar deel. Was sy – die onvrugbare – wérklik 'n eie kindjie beskore?

Maar die tyd gaan verby, die wag lank. God se tyd is nie ons tyd nie. Dis reeds tien jaar en nog is daar geen kindjie nie. Hierdie keer is dit Sarai wat vertroue in God verloor. 'n Gedagte vat by haar pos. As sy dan nie vir Abram 'n kindjie kan gee nie, kan sy Hagar, haar slavin (volgens die gebruike van die tyd) vir hom gee en so tog 'n nageslag vir Abraham bewerkstellig. 'n Onselfsugtige daad. Wat het dit haar gekos om die man wat sy liefhet met haar slavin te deel? Maar tog 'n ongeloofsdaad. Die gevolge bly nie uit nie. Daar kom onmin tussen Sarai en Hagar, jaloesie neem oor en Hagar word in die pad gesteek. Dit was nie God se plan dat Ismael die vader van Abraham se nageslag sou word nie.

O, God hoeveel keer het ek amper terwyl ek bid tot U, my eie planne beraam om dinge volgens my beperkte insigte te laat gebeur, in pleks daarvan om in U te rus van my bekommernisse en te glo U sal beskik wat goed is vir my?

Maar die dieptepunt van ongeloof lê nog voor. Ismael word gebore en omtrent 13 jaar gaan verby. Vir 'n tweede keer verseker God Abram dat hy 'n groot nageslag sal hê. Abram is reeds 99. Hy sukkel om te glo en vra tekens van God. Maar God is geduldig. Hy sluit 'n verbond met Abram dat hy Hom altyd sal dien en verander sy naam na Abraham. God maak dit ook baie duidelik dat spesifiek Sarai die moeder van hierdie nageslag sou wees. Hy verander ook háár naam. Sy word genoem Sara – prinses van vele.

God se belofte word opgevolg deur die besoek van drie manne. Sara maak vir hulle kos klaar in die tent. In die tentopening hoor sy die gesprek wat buite plaasvind. Sy hoor die woorde van die Engel: Oor 'n jaar van nou af sal Sara 'n seun hê. Dan lag sy. Hoe lank het hierdie belofte nou al onvervuld gebly? Maar sy lag nie net nie, maar bedink by haarself hoe onmoontlik dit is. Die Here self betig haar oor haar ongeloof. Sy sou hele lewe lank herinner word aan hierdie oomblik, deur die naam wat God aan hulle kindjie gee: Isak – wat beteken "gelag".

O, God as ek Sara was, sou ek nie ook gelag het nie? Hoeveel keer het dit gevoel U hoor my nie? Hoe dikwels het ek moedeloos geraak as ek smeek en die tyd gaan verby sonder antwoorde? Hoeveel keer het ek in die diep donkertes van my siel gevoel dat dinge sover gegaan het dat selfs U dit nie meer dit kan omkeer nie? Net om later beskaamd te staan as ek verstaan dat u my op 'n ompad gevat het wat goed was.

Ten spyte van haar menslike swakheid en tye van ongeloof het God Sara waardig gevind om die moeder van sy volk te word – ook ons geloofsmoeder. Sy was 'n rots aan Abraham se sy en maak Isak diep gelowig groot. Abraham gaan treur en huil oor haar toe sy op 127 jarige ouderdom oorlede is. God noem haar prinses van vele.

Uit haar nageslag word Christus in sy menslike gestalte gebore.

Met Sara as spieël kom ons diep beskaamd voor ons eie tye van ongeloof te staan, maar in Christus is God ons genadig. Hy kom ons ongeloof tot hulp. Hy maak ons konings, profete en priesters en stel ons aan as medewerkers in sy Koninkryk.

O God kom my ongeloof tot hulp, gee my die krag en genade om my roeping as Christen op hierdie aarde volgens U wil en tot U eer te kan volvoer. V

Sara en haar tye van ongeloof

DEUR HANNATJIE VORSTER

Ons weet maar min van Sarai. Net dit: "Abram se vrou se naam was Sarai..." (Gen. 11:29). Maar in vers 30 verf die Bybel met een veeg 'n hele wêreld van leed en vernedering: "Sarai was onvrugbaar" – kinderloos in 'n tyd toe die waarde van 'n vrou gemeet was aan hoeveel kinders sy gehad het. Deur die hele verhaal van Abram en Sarai lê die spoor van hierdie swaarkry.

LIDMAATPRAAT:

Petro Joubert: Geloof dui op algehele, vaste vertroue. Sara tree op in ongeloof as sy met 'n selfbeplande noodoplossing eiehandig God se belofte in vervulling wil laat kom. Geloof gaan nie oor die vervulling van my behoeftes nie, maar oor volle vertroue in God.



Geseënde vroue

DEUR
HESTER VENTER



Ons lees van hierdie drie vroue in Genesis: Sara, Rebekka en Ragel. Hulle was gewone vroue soos ons, maar hulle is verewig in ons Bybelse geskiedenis. Hulle was die eerste drie geslagte vroue nadat die verbond met Abraham gesluit is.

In Bybelse, tye veral in die Ou Testamentiese tyd, is dit vanselfsprekend aanvaar dat vroue vrugbaar sal wees. Sy sal vir haar man baie kinders in die wêreld bring, veral seuns. Maar 'n mens se verwagtinge en drome, en wat dan wel gebeur (of nie!) strook nie altyd met wat jy reken ideaal is vir jou nie.

Dis presies wat met Sara gebeur het. Soos elke vrou wat in daardie tyd geleef het, wou sy vir Abraham kinders gee, en sommer baie. Sara het egter nie swanger geraak nie. Enige vrou wat smag na 'n baba, sal vir jou sê dat dit 'n allesoorheersende begeerte en obsessie word. Dis al waaraan sy kan dink, dag en nag. Sy voel onvolkome, en die naam vrou nie werd nie.

In Genesis 18 word vertel van die drie manne (waarskynlik engele,) wat Abraham besoek het. Dis vir my so opvallend dat Abraham hulle onmiddellik, en gasvry nooi om saam met hom iets te eet en te drink. Dit was nie sommer net koffie en beskuit nie. 'n Kalf is geslag en voorberei, en Sara moes (van 16 kilogram meel nogal!) roosterkoeke bak.

Na die (nie so blitsig voorbereide maaltyd) bedien is, is Abraham die onverwagte en wonderlike nuus meegedeel dat hy oor 'n jaar verder 'n seun sou hê. Nou ja, nuuskierig soos ons vroulike geslag maar is, het Sara natuurlik gestaan en afluister. Sy het, waarskynlik van pure verbasing en ongeloof begin lag oor hierdie (vir haar) onmoontlike nuus. Die Here het dit geweet en vir haar gevra hoekom sy gelag het. Sy het dit daar en dan ontken, seker van pure skrik.

Maar Abraham se nageslag was sterk en groot en geseënd, soos die Here beloof het. Sara het haar seun gehad, ook soos God belowe het en dit beskryf word in Gen. 21: 1-7. Sara: die moeder van Isak en al sy nageslagte.

Isak was nou 'n jong man, en dit was tyd vir hom om 'n vrou te kry. Abraham het sy slaaf gestuur na Mesopotamië, die hedendaagse Irak . Die slaaf het gebid en gevra dat die Here vir hom die regte vrou moet wys (vgl. Gen. 24: 12-28.) Die meisie wat hy opmerk by die fontein, was gaaf genoeg om vir die slaaf water aan te bied om te drink, vir hom en sy kamele.

Na aanleiding van hierdie gebeure, het hy geweet volgens wat hy in sy (verhoorde) gebed gevra het, dat sy die vrou vir Isak is. Rebekka was haar naam. Sy was mooi, en ook lewenslustig, want álles – van dadelik hulp aanbied vir dorstiges, dadelik water skep vir mens en dier, en hardloop na haar ouers toe om van die slaaf wat gaan oornag, te vertel, het sy haastig gedoen. Dit lyk asof Rebekka ook daarna skoonma Sara se goedkeuring weggedra het, want sy het by haar gebly totdat sy en Isak getroud is. Heel waarskynlik moes sy dan ook saggeaard en vriendelik gewees het.

Isak het ook tot die Here gebid vir kinders, want Rebekka was kinderloos. Daarna het die mooie Rebekka die ma geword van die tweeling Esau en Jakob. Soos kinders geneig is om te doen, het Jakob en Esau opgegroei en sterk jong manne geword. Volgens hoofstuk 29 het Jakob vir Laban gewerk nadat hy by die huis weg is op soek na groener weivelde.

Jakob het waarskynlik verlief geraak op Ragel met die eerste oogopslag. Gen. 29:17 sê sy was mooi gebou en beeldskoon. Sy en Lea was Laban se dogters. Lea was nie so mooi soos Ragel nie, maar sy het sagte oë gehad (vgl. ook vers 17). Lea was die oudste, en dit was nie die gebruik dat die jonger suster voor die oudste trou nie.

Met 'n slinkse plan en 'n dik sluier oor haar gesig het Laban dit bewimpel dat Jakob vir Lea as vrou geneem het. Natuurlik het hy (Jakob) gereken dat dit Ragel was. Groot was sy ontnugtering! Nadat hy vir sewe jaar (volgens sy ooreenkoms met Laban) gewerk het vir die "jongste dogter Ragel" (Gen. 29:18b), word hy bedrieg en kry hy eers vir Lea as vrou, en daarna – 'n week later – vir Ragel as vrou.

Arme Lea het altyd in haar pragtige sus se skaduwee moes leef. Dit is vandag nog so relevant: die mooi borrelende sussie en haar minder aansienlike sibbe. Dis mos net logies om kinders met mekaar te vergelyk. Logies, maar nie regverdig nie. Elkeen het sy eie unieke Godgegewe talente. Lea is geseën met seuns, en (die weereens kinderlose Ragel) was jaloers op haar.

Ook vir Ragel was die Here egter genadig, en sy het 'n seun gehad, genaamd Josef. Hy sou tweede in bevel wees oor die grote Egipteland, en by hom sou sy desperate broers kom koring koop.

Deur die geskiedenis loop hierdie drie vroue se name soos 'n goue draad. Die eerste drie geslagte vroue van die verbond, met God se Hand, sy voorsienigheid en seën, duidelik sigbaar regdeur hulle lewens.

Vandag nog, in elkeen van ons se klaar uitgekapte lewenspad, is dit steeds so. Vir jou, Sara, en jy mooie Rebekka asook vir Ragel.

Of is jy dalk Lea, met die sagte oë? V